

DIE BEWARING EN PRESERVERING VAN ONSE PREHISTORIESE ROTSKUNS*

Deur die eeue heen laat elke mensegeslag spore van sy bestaan na in die vorm van klipwerktuie, gebruiksvorwerpe, murasies, rotstekeninge, kunswerke en geskrifte — monumente uit die gryse verlede. Dikwels word die spore met die verloop van tyd feitlik totaal uitgewis, maar in baie gevalle dra verskillende omstandighede daartoe by dat die oorblyfsels van sekere geslagte behoue bly.

So het die onlangse argeologiese ontdekkings in Noord-Natal daarop gedui dat Suid-Afrika meer as 50 000 jaar gelede moontlik die tuiste van die voorgeslagte van die moderne mens was. Volgens Boshier en Beaumont¹ het hulle bevind dat die moderne mens vroeg in sy 100 000-jarige bestaan bewus geword het van gebeure en oorsake wat dieper gestrek het as die harde, daaglikse oorlewingsdrang. Hiermee het die redeneringsvermoë na vore getree. Hier het die ontwikkeling van die godsdiens met al sy simboliek en ritualisme begin. Die koolstof-14 dateermethode het aangetoon² dat 'n kind meer as 46 000 jaar gelede in die Border-grot in die Lebomboberge plegtig begrawe is, en dit is 'n aanduiding dat die mens se geloof reeds onsterflikheid ingesluit het. In die graf waar die kind doelbewus begrawe is, is 'n deurboorde seeskulp aangetref, heelwaarskynlik 'n hangertjie. Dit was die vroegste bewys ooit van geestelike bewustheid, erkenning dat die dood nie algehele vergetelheid meebring nie en die oudste bewys van persoonlike versiering wat op estetiese waardering dui.

Die manifestasie van die estetiese waardering van die primitiewe mens is egter nie tot persoonsversiering beperk nie, maar word later ook weerspieël in die versiering van sy woonplek in die vorm van die rotskuns.

Die rotskuns neem twee vorms aan, naamlik die petrogliewe of rotsgravures wat in die klip gekrap of uitgekap is en die rotsskilderinge wat met verf aangebring is. Die petrogliewe is beperk tot die oop veld van die binneland, terwyl die skilderinge grotendeels in skuilings in klipkoppies, rante en berge of op losstaande rotse te vinde is. Die skuilings is nie grotte in die ware sin van die woord nie, dog slegs beskutte rotsoorhange. Die wetenskaplike studie van ons rotskuns is egter nog in sy beginstadium en vraagstukke soos oorsprong en ouderdom laat vakkundiges dikwels in die duister tas.

In Suid-Afrika het meer rotsskilderinge bewaar gebly as in enige ander plek ter wêreld en hierdie ryk erfenis vertel ons 'n verhaal van die lewe en gewoontes van die vroeë inwoners van ons land.

In 'n opname³ wat in 1952 deur prof. C. van Riet Lowe met behulp

* Die finansiële ondersteuning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word met dank erken.

1. Boshier, A. & Beaumont, P., „Mining in Southern Africa and the emergence of modern man,” *Optima*, *Optima*, Maart 1972, p. 12.
2. Die oudste datum wat deur middel van hierdie metode bepaal kan word, is ongeveer 50 000 jaar.
3. Lowe, C. van Riet, *Die verspreiding van voorhistoriese rotsgravures en -skilderye in Suid-Afrika*. Argeologiese opname, Argeologiese Reeks, no. VII, 1952.

van belangstellende boere gemaak is, is 1 592 vindplekke van rotsskilderinge en 340 van rotsgravures opgeteken. Sedert 1952 het egter baie meer vindplekke bekend geword. In elke vindplek kom dikwels 'n groot aantal skilderinge voor — in sommige gevalle honderde afsonderlike figure — sodat die totale hoeveelheid skilderinge in die duisende kan tel. So het Pager⁴ byvoorbeeld in die Ndedema Kloof en aangrensende valleie alleen sowat 12 000 geskilderde figure gevind.

Ons het vandag die voorreg om die handewerk van die voorhistoriese kunstenaars te sien, te waardeer en te bestudeer, maar vir hoe lank nog? Daar is rede om te glo dat die bekende voorbeelde van die ou kunsvorm die afgelope 50 jaar merkbaar agteruitgegaan het. Daar is baie goeie rede vir hierdie bekommernis as die ouderdom van sommige kunswerke in aanmerking geneem word.

Gedurende 1971 is 'n argeologiese opgraving in Suidwes-Afrika deur mnr. Wendt gedoen. Tydens hierdie opgraving het hy 'n seldsame vonds gemaak. Hy het naamlik 'n klip met 'n geskilderde oppervlak in 'n dateerbare humuslaag gevind. Die laag direk bokant dié waarin die klip gevind is, is as ouer as 14 000 jaar gedateer en dié direk daaronder as ouer as 40 000 jaar. Die geskilderde klip is dus minstens 14 000 jaar oud, maar hoogs waarskynlik tussen 25 000 en 30 000 jaar oud.⁵ As in aanmerking geneem word hoe oud die rotsskilderinge moontlik is, is dit soveel te meer onrusbarend dat hulle nou binne die bestek van 'n enkele leeftyd merkbaar agteruitgegaan het.

Die snelle agteruitgang van die tekeninge kan veral aan 'n paar faktore toegeskryf word. Tot 'n mindere mate die natuurelemente: skielike temperatuurverandering, wegvreting deur reën en wind, ryp en sonlig saai heelwat verwoesting. Die aard van die terrein is soms daarvoor verantwoordelik dat syfelwater uit die grond spoelskade aanrig en dat daar mos of lichene groei, terwyl die poreusheid van die rots ook 'n rol speel. In sommige gevalle het die urine van dassies reeds heelwat skade aangerig.

Die grootste sondebok is egter die mens en sy aktiwiteite. Deur sy vernielsug is talle meesterstukke reeds verwoes: deur vuurmaak, deur oor die skilderinge te krap en die skilderinge nat te gooi om die kleure tydelik beter te laat vertoon. Wanneer die skilderinge natgegooi word, word onder andere soute op die rotswand neergelê wat uiteindelik die skilderinge bedek. Die skilderinge in die Drakensberge wat gereeld deur toeriste besoek word, is reeds op hierdie wyse beskadig.

In 1953 het Walter Battiss 'n petrogliëf van 'n eland in die Magaliesberge gevind.⁶ Sewentien jaar later het skrywer weer na hierdie petrogliëf gaan soek, en ontdek dat dit ingebou is in 'n kaggel van 'n plaashuis. Die bouer kon die klip nie soos dit was, in die kaggelmuur pas nie,

4. Pager, H., „The rock art of the Ndedema Gorge and Neighbouring valleys, Natal Drakensberg,” *Rock Paintings of Southern Africa*, S. Afr. Assoc. Advanc. Sci. Johannesburg 1971, p. 27.

5. Persoonlike kommunikasie, dr. J. C. Vogel, WNNR, Pretoria, Julie 1972.

6. *The Star*, 4 November 1953.



Figuur 1 — 'n Petroglief van die plaas Nooitgedacht, Krugersdorp-distrik. Die deel van die klip waarop die voorbene van die bok gegraveer was, is afgekap sodat die klip in 'n vuurherd ingebou kon word.

Die bok is 24 cm lank van die nekvel tot die stert.


en het die voorbene van die bok sumier afgekap (figuur 1). Dieselfde boer vertel dat hy talle gravures wat op sy plaas gevind is, op sy plaaswerf versamel het. Op 'n keer tydens sy afwesigheid van die plaas af, het sy werknemers die „klippe” stukkend gekap en as boumateriaal vir 'n kraalmuur gebruik. Die enigste petroglief wat uit hierdie versameling bewaar gebly het, is dié afgebeeld in figuur 2.

Gedurende die afgelope 22 jaar se navorsing oor die rotskuns het skrywer reeds talle skuilings gevind waar pogings aangewend is om die skilderinge te verwyder, hetsy met behulp van bytels of met plofstowwe. Sonder uitsondering het hierdie pogings misluk en is die skilderinge beskadig.

Bykans elke skuiling waarin skilderinge voorkom, is ontsier deur die roet van vuur, die skryf van name op die rots of deur amateuragtige pogings tot nabootsing van die skilderinge.

In die Oos-Transvaal is in feitlik elke skuiling waarin rotsskilderinge voorkom, die grondoppervlak omgedolwe. Daar bestaan 'n valse legende onder beide Bantoe en Blanke dat daar skatte begrawe lê in hierdie skuilings en die omdolwing maak wetenskaplike argeologiese opgrawings en datering in die meeste gevalle onmoontlik. Hierdie vandalisme vind steeds plaas ten spyte daarvan dat alle vindplekke van prehistoriese kuns deur die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet No. 28 van 1969), beskerm word. Hierdie wet het dus nie daarin geslaag om die skadelike en ongewenste aktiwiteite van die mens te stuit nie.

Die Suid-Afrikaanse Museumsvereniging het in 1956 in 'n brief aan



Figuur 2 — 'n Petroglief van die plaas Nooitgedacht, Krugersdorp-distrik. Dit is die enigste van 'n versameling petrogliewe op die plaas wat oorgebly het nadat die ander per abuis vernietig is toe hulle in 'n kraalmuur ingebou is.

Die bok is 57 cm lank van die neus tot die stert.

die President van die WNNR beklemtoon dat daar 'n dringende behoefte bestaan aan die ontwikkeling van metodes om prehistoriese kuns in Suid-Afrika te verduursaam. Daar is gevra of die WNNR die vraagstuk kan ondersoek. Na aanleiding van die versoek het drie lede van die WNNR se personeel saam met mnr. B. D. Malan, direkteur van die destydse Argeologiese Opname, en mnr. A. R. Willcox in April 1957 vier terreine naby Ladybrand besoek.

Die WNNR kon ongelukkig nie die personeel afstaan om die vraagstuk verder te ondersoek nie, maar na 'n reeks formele samesprekings is daar voorgestel dat wetenskaplikes van die WNNR aangemoedig word om persoonlik in die saak belang te stel. Sederdien het niks egter gematerialiseer nie.⁷

Op hierdie stadium haal skrywer graag die woorde aan van dr. A. C. Hoffman, in lewe direkteur van die Nasionale Museum te Bloemfontein en lid van die Historiese Monumente Kommissie. „The preservation of our rock art is to my mind the responsibility of the State, because

7. Schoonraad, M., „Die verduursaaming van ons rotskuns”, *Scientiae* Vol. 2 no. 10, Oktober 1961, pp. 5-6.

these national treasures contribute both directly and indirectly to the wealth of our country. I suggest that the State should make a sum of money available to chemists and other scientists to do further research on the preservation of our rock art."⁸

Op watter wyse kan die verduursaming van die rotskuns aangepak word?

Die belangrikste teenvoeter teen vandalisme is opvoeding. 'n Groot deel van die Suid-Afrikaanse publiek is onbewus van die kunswaarde van hierdie nasionale kunsbesit. Kunsonderwysers oor die hele land kan by 'n poging betrek word om die publiek, en veral die kinders, bewus te maak van hierdie erfenis. Hierdie saak het nou dringend geword en daar word gevoel dat sonder verder verwyd aandag daaraan geskenk word. Die gevaar bestaan natuurlik dat, wanneer vindplekke bekend word, meer vandale dit ook besoek. Daar kan slegs vertrou word dat deur die opvoedingsprogram die publiek mettertyd 'n trots in hul eie kunsbesit sal ontwikkel. Hier kan ons moontlik van ons buurstaat, Rhodesië, leer. Hulle het inspekteurs wat gereeld die vindplekke besoek, verslag doen en bydra tot die bewaring van die kunswerke.

Die skuilings kan ook toegekamp word om vandale uit te hou. Hierdie metode is egter nie onfeilbaar nie. 'n Mens dink hier onmiddellik aan die onlangse skending van die beroemde skildering van die Wit Vrou van die Brandberg, en dit ten spyte van 'n stewige omheining.

Verreweg die meeste skilderinge kom in skuilings voor wat aan wind, reën en sydeling blootgestel is. Deur fisiese beskermingsmetodes soos byvoorbeeld mure of afdakke voor skuilings te bou, vore vir dreinerings aan te bring, of die rotsvlak aan die agterkant dig te maak, sodat waterdeursypeling voorkom word, kan die lewensduur van die skilderinge verleng word.⁹ In die Oos-Transvaal het 'n boer 'n eenvoudige, dog effektiewe metode, gebruik om reënwater van die skilderinge weg te keer. Hy het naamlik 'n sement-rif al langs die druplyn van 'n skuiling waarin skilderinge op die dak voorkom, aangebring.


'n Vierde metode waardeur die rotsskilderinge verduursaam kan word, is deur die aanwending van deklae van deursigtige polimeerpreparate of oppervlak-behandeling met silikonhoudende middels. Hierdie metode van verduursaming kan egter slegs werklikheid word as 'n opgeleide skeikundige hom daarop toelê om 'n suksesvolle metode te vind. In 1952 het Patrick Duncan in Lesotho naby Maseru van hierdie bedekingslae aangewend¹⁰ en gevind dat hulle 'n beskermingslaag gevorm het. Geen opvolgingswerk is egter gedoen nie en ons weet nie wat die effek van die lae na 20 jaar op die skilderinge is nie.

Daar kan aangevoer word dat die oplossing vir al hierdie probleme is om die skilderinge of petrogliewe uit te haal en in museums te plaas.

8. Hoffman, A. C., „Protection and preservation of the rock art”, *Rock paintings of Southern Africa*, S. Afr. Assoc. Advanc. Sci. Johannesburg, 1971, p. 93.
9. Lowe, C. van Riet, „Preservation of prehistoric rock paintings and petroglyphs,” *Samab* Vol. 3 no. 15, Sep. 1946, pp. 1-9.
10. Duncan, P., „The Preservation of Bushman Paintings”, *Natal Society for the Preservation of Wild Life and natural resorts*, Vol. 1 no. 5, June 1952, pp. 2-5.

Tensy die uithaal deur 'n opgeleide persoon gedoen word, bestaan daar groot gevaar soos reeds vroeër op gewys is, dat veral skilderinge tydens die uithaalproses vernietig of baie beskadig sal word. Die menslike faktor is selfs in 'n museum steeds iets om mee rekening te hou. In 1958 met die opening van 'n uitstalling van primitiewe kuns in die Kultuur-historiese en Opelug Museum in Pretoria¹¹ het besoekers op die petrogliewe gestaan en hul skoensole in die fynlyngravures gedraai. 'n Besoek nou aan hierdie versameling petrogliewe sal bewys lewer van die mate van beskadiging wat oor die jare deur besoekers veroorsaak is. Die voorbeelde van rotskuns in die Nasionale Museum in Kaapstad en die Africana Museum in Johannesburg word deur glas beskerm en het dus 'n baie groter kans om die aanslae van die mens vry te spring.

In Johannesburg is 'n opelug rotskunsmuseum vir petrogliewe naby die Dieretuin ingerig. Ongelukkig is die juiste lokaliteite waar die petrogliewe uitgehaal is, nooit opgeteken nie. Wat die effek van die massas rookmis op die petrogliewe gaan wees, sal ons in die toekoms maar sien. 'n Kykie na die klipwerk van die Uniegebou in Pretoria is genoeg om 'n mens bekommerd te maak. In UNESCO se verslag van 1971 oor die agteruitgang van die marmer van die Parthenon in Athene word die volgende gemeld: „The surface of some marbles of the Parthenon is gradually turning to sand. Air pollution is, without doubt the cause of the most menacing mutations. The sculptures are affected by the corrosive effects of carbon and sulphur carried by raindrops. In its first 2 350 years, the Parthenon had suffered no harm from the atmosphere. Grave damage had been caused in the past 40 years because of industrialisation in the Plain of Athens.”¹²



Figuur 3 — 'n Petroglief wat, toe dit gevind is, onbekend was aan die eienaar van die plaas. Plaas Doornhoek, Krugersdorp-distrik.

Die bok is 41 cm lank van die neus tot die stert.

11. *The Pretoria News*, 23 Mei 1959.

12. *The Pretoria News*, 24 Junie 1971.

'n Baie groot aantal petrogliewe kom voor in die Krugersdorp-Klerksdorp distrik. Die WNNR het bevind dat¹³ „smoke adheres to and blackens the surfaces and the acid gases, such as sulphur dioxide, dissolve in water to form the corresponding acids which react with some building stones. Although air pollution products originate largely in towns and industrial areas their deleterious effects are observed far from the source of production”.

Dit is moeilik om 'n algemene oplossing vir die verduursaming van alle rotskuns voor te stel. Elke afsonderlike geval sal op eie meriete beoordeel moet word. Soms sal dit wenslik wees om kleiner skilderinge of petrogliewe te verwyder en in museums te plaas waar hulle behoorlik bewaar moet word. Dit is egter in die meeste gevalle onprakties. Deursigtige polimeerpreparate wat in die porieë van die rots indring en 'n waterdigte, kleurlose, deursigtige, harde deklaag vorm, sal waarskynlik in die meeste gevalle 'n oplossing bied.

Hoe dit ook sy, as ons as Suid-Afrikaners nog iets aan die bewaring van hierdie kosbare kultuurerfenis wil doen, moet ons dit nou doen, anders mag dit vir ewig te laat wees. Ons sal vir geen oomblik toelaat dat skoolkinders hul name oor die Van Wouw-beelde in die Johannesburgse Kunsmuseum of oor die Pierneefskilderye in die stasiegebou van Johannesburg krap nie, of toelaat dat sogenaamde studente water oor die skilderye van Baines in die Africana Museu gooi nie.

Nogtans bestaan die beeldhoukuns en die skilderkuns vandag nog en mag 'n Baines, 'n Van Wouw of 'n Pierneef weer te voorskyn tree om soortgelyke werk of beter te doen. Maar nie die rotskunstenaars nie. Hulle sal nooit weer skilder nie. Hulle pragtige beeltenisse van die lewe in die steentydperk van Suid-Afrika is onvervangbaar.

M. Schoonraad

13. The National Building Research Institute, *CSIR Handbook of South African Natural Building Stone*, Kaapstad, 1967, p. 95.